Groeigroepe – Riglyne: Week van Sondag 1 November 2020

"#Nuuteindig – Genesing vir almal!"

Ons het Sondag die vreugde beleef van die eerste doopgeleentheid na die inperking begin het. Die erediens se tema was **"Genesing vir almal". Hoe kan ons, ons gemeenskap en ons land genesing beleef en hoe kan ons 'n genesende/helende gemeenskap wees in 'n gebroke wêreld?**. Ons is nog steeds besig met die reeks ***"God se asem tussen die bladsye van die Bybel",*** wat aansluit by die Bybelgenootskap se uitgee van die Nuwe Direkte Vertaling.

1. WELKOM / (GASVRYHEID)_____ 25 min

YSBREKER (10 min se kuier ingesluit)

1. Deel met mekaar hoe julle **God se betrokkendheid** in julle lewe en gemeenskap beleef in hierdie vreemde tyd.

2. Hoe gaan dit met **julle en julle gesinne** en hoe beleef julle die onsekerheid van 'n tweede golf van die Covid-pandemie?

2. LOF / DANKSEGGING_____ 10 min

1. **Loof en dank Here** in kort gebede vir sy betrokkenheid in julle lewe en die gemeenskap. (Julle kan selfs een-sin-gebede gebruik om almal geleentheid te gee.)

3. WOORD / WORD_____ 35min

1. Saterdag 31 Oktober het ons die Protestantse Hervorming herdenk wat gaan oor die hart en kern van ons Gereformeerde leer naamlik die **4 sola's: alleen genade, alleen Christus, alleen geloof, alleen die Skrif**. 'n Vyfde een het bygekom: **Soli Deo Gloria: Aan God alleen al die eer!**
   Wattter **praktiese rol** speel dit in ons lewens? Hoe kan ons dit oordra aan ons kinders en nageslag?

2. Wat se **wonde en seer** kom julle tee in die gemeenskap en land? Wat ervaar julle in julle harte as julle daarvan hoor of daarmee te doen kry?

3. Wat se seer en/of wonde beleef **julle en julle gesin/familie** in hierdie Covidtyd? Wat se effek het dit op hulle lewe? Wat ervaar julle in julle harte as julle na mekaar se seer/wonde luister?

4. Luister na die Woord: **Lees Jesaja 57:14-21** (laat mense dit 'n 2de keer stil lees en daaroor nadenk) (Skakel na die Direkte Vertaling as julle dit wil gebruik: http://www.bybeldirektevertaling.co.za/images/stories/docs/Jesaja.pdf)

5. Die metafoor van **God as Geneesheer** kom voor in die gedeelte. Die teoloog Walter Brueggemann beskryf die metafoor van God as Geneesheer soos volg:

   Om Jahwe (Verbondsgod) se vermoë aan te dui om te kan genees, herstel, rehabiliteer, regmaak, en heelmaak, wat seergekry of beskadig is.

6. Vertel van **geleenthede waar jy God as Geneesheer prakties** beleef het en genesing ervaar het. (emosioneel, fisies, verhoudinge, geloofsvlak, ens.)

7. Wat lees ons in die gedeelte van die **hart van die Geneesheer?** Hoe het jy dit in jou lewe al beleef?

   "[15]So sê Hy wat hoog en verhewe is, Hy wat ewig leef en wie se Naam die Heilige is: Ek woon in 'n hoë en heilige plek."

   [15b]"Ek is by hom wat verdruk en nederig is. Ek gee nuwe krag aan die nederiges, Ek gee nuwe krag aan die verdruktes."

   [18a]" "Ek het God het gesien wat met hom gebeur en Ek wil hom genees." V18a

8. **Wat behels hierdie genesing** prakties in ons lewens en gemeenskap? (v15+18-19) Op watter wyse het jy dit beleef of gesien dat dit voorkom in mense se lewens of die gemeenskap?

   Nuwe krag (herleef) + vergifnis + troos + begeleiding (lei) + vrede + uitkoms (bevryding/verlossing)

9. Hoe kan ons as geloofsgemeenskap of groeigroep mekaar help om 'n **helende gemeenskap** te wees? Hoe moet die gemeente lyk of verander om 'n helende gemeenskap te wees?

10. **Heling is vir almal** (vgl v19 + Jes 56:7-8). Hoe kan ons in die gemeenskap en ons land 'n rol speel om mee te werk aan genesing van ons land?

11. Hoe kan ons die **pad van genesing gereed maak** deur slaggate op te vul en struikelblokke te verwyder in ons gemeente, gemeenskap en land? (vgl v14)

12. Hoe kan die **volgende metafore vir die kerk/gemeente** ons help om instrumente van genesing te wees?

    "Wounded healers" (gewonde genesers) – Henry Nouwen

    Kerk as verpleegsters (verpleegsters wat mense dien deur hulle wonde skoon te maak en verbind)

13. **Hoe is die moontlik** vir ons om 'n **helende gemeenskap** te wees en hoe kan ons mekaar daarmee help?

4. WERKE / WORKS 15 min

1. Gesels veral **prakties** hoe jy genesing kan beleef of mense kan help om genesing te beleef.

2. Hoe kan jy die **Bybe**l lees om God se hart as Geneesheer beter te leer ken?

3. **Dank die Here:**
   - Dat ons God deur die Bybel kan leer ken en sy stem hoor
   - Dat God die Bybel gebruik in ons lewens om om ons te anker in die lewe.
   - Vir die Protestantse Hervorming en die vier sola's

4. **Bid vir die volgende.**
   - Vir genesing in ons lewens tydens die Covid en post-Covid-tyd.
   - Dat ons 'n helende gemeente en gemeenskap sal wees.
   - Dat ons instrumente of agente van God se genesing sal wees.
   - Vir genesing vir ons gesinne, families, gemeenskap en land.